

WAT IS DIE WERKLIKE
PRYS VAN GELOOF?

Die Prys

DIE JEUGTYDSKRIF VAN
GEOPENDE DEURE SUIDER-AFRIKA

Geopende Deure
JEUG

Winter-uitgawe 2019
SENTRAAL-ASIË



WWW.OPENDOORS.ORG.ZA



OPEN DOORS SOUTH AFRICA



YOUTHSA@OD.ORG

SENTRAAL-ASIË

“...omdat julle vir ons gebid het...”

Rusland. Azerbeidjan. Oesbekistan.
Turkmenistan. Kazakstan. Tadjikistan.
Kirgistan.

Jy het dalk nog nooit van hierdie lande gehoor nie, maar dit is lande wat baie bekend is aan Geopende Deure, omdat Christene in hierdie lande in Sentraal-Asië vir hulle geloof vervolgd word. In hierdie streek, mag jy nie die Evangelie met kinders onder 18 jaar deel nie en hul word dikwels afgeskep deur hul ouers en die Kerk.

Tans het die streek die eerste jong, plaaslike Christengenerasie wat daaglikse druk ervaar omdat hulle Jesus volg. Die Kerk in Sentraal-Asië het geen ondervinding om hierdie uitdagings wat die groep jong gelowiges in die gesig staar te hanteer nie, en dikwels neem hulle ook nie verantwoordelikheid om hulle te help nie en hoop eerder dat families dit op hulle eie kan oplos. Dit is hoekom dit belangrik is dat ons, as die Liggaam van Christus, saam met hulle staan om hierdie jong generasie te versterk om vas te staan in die uitdagings en om geestelik te groei en God persoonlik te leer ken.

Ongelukkig, sal die situasie vir Christene in Sentraal-Asië waarskynlik versleg en kan hulle

moontlik in dubbele vorm van vervolging in die gesig staar – van die staat, omdat hulle buite die staat se beheer is én van Moslemleiers, omdat hulle Islam verlaat het. Dit kan baie probleme vir hulle tot gevolg hê.

Ons moet saam met hulle staan in gebed en ondersteuning. Daarom nooi ek jou vandag uit om meer te leer oor die Kerk in hierdie kosbare deel van die wêreld!

Weet dat ons jou gebede vir die Kerk in Sentraal-Asië waardeer...

“Dankie vir julle getroue gebedsondersteuning. Christene in Sentraal-Asië ervaar die impak en verbondenheid, omdat julle vir ons gebid het...” – in Kollega van Geopende Deure wie sy liefde vir Sentraal-Asië met my gedeel het!

Ek hoop dat hierdie uitgawe van **Die Prys** jou sal inspireer om meer te leer en te bid vir die lande in Sentraal-Asië!

Tot volgende keer,

Natasja B
Geopende Deure Jeugkoördineerder



Die Jeug van Sentraal-Asië

In die afgelope paar jaar was daar 'n merkwaardige en nogals wonderlike herlewing onder Moslems in Sentraal-Asië. Daar is na raming ongeveer 70,000 Gelowiges vanuit 'n Moslemagtergrond.

Ongelukkig, kom dit nie sonder probleme nie. Baie keer word Christene daarvan beskuldig dat hulle nie Moslem is nie, deel van 'n sekte is, of nie 'n spesifieke nasionaliteit is nie of dat hulle verraiers van hulle land is. Alles net omdat hulle Jesus volg. En die situasie vir hulle gaan waarskynlik versleg namate hierdie regerings poog om nuwe wette te implementeer, en hulle nie hulself kan keer as om Islam te gebruik om hierdie wette te versterk nie.

In party lande in Sentraal-Asië is een van die maniere wat die regering hierdie doen om wette te implementeer wat keer dat byvoorbeeld, die Evangelie aan kinders jonger as 18 gedeel word. Dit laat kinders van 'n Christelike agtergrond met geen behoorlike fondasie om hulle geloof op te bou nie, namate hulle ouers en die Kerk versuim om hul geestelike te onderrig.

Dit is hoekom Geopende Deure deur kinder- en jeugaktiwiteite in hierdie jongmense belê. *“Ons het tot die slotsom gekom dat ons nie hierdie nuwe generasie wil ‘verloor’ nie. 'n Generasie wat sal grootword sonder om die basiese belangrike beginsels van die lewe te hê, wat hulle ouers nie vir hulle gee nie, want hulle ken dit self nie,”* het ons Geopende Deure kollega gesê.

Geopende Deure wil deur hierdie aktiwiteite:

- Die jong generasie versterk om sterk te staan in hulle uitdagings en om geestelik te groei en om God persoonlik te leer ken.
- Die jong generasie help om 'n goeie fondasie te beplan en 'n effektiewe en sinvolle lewe saam met God te bou.

“Om nou hiermee te begin is 'n baie strategiese tyd; kinders en jongmense is baie oop vir enige aktiwiteite wat vir hulle georganiseer word, en selfs nie-gelowiges is meer oop om hulle kinders na Christelike aktiwiteite te stuur omdat die regering niks vir kinders doen nie. Ons hoop om ongeveer 30,000 jongmense in Sentraal-Asië te bereik.”

Bid asseblief saam met ons vir die jeug van Sentraal-Asië – dat baie lewens verander sal word deur hierdie aktiwiteite. Bid dat baie van hulle Christus sal leer ken.



SENTRAAL-ASIË

1 Russiese Federasie

2 Oesbekistan

3 Azerbeidjan

4 Turkmenistan

5 Kazakstan

6 Tadjikistan

7 Kirgistan



Meerderheidgeloof: Islam (Russiese Federasie is Christenskap)

Wie vervolg hulle? Regerings, Islamitiese ekstremitiese groepe, familie en gemeenskap.



In die **Russiese Federasie**, in die Dagestan- en Chechnya-streke, het Moslem-ekstremite hulle gewelddadige aktiwiteite verhoog en minstens ses Christene is in aanvalle op kerke in 2018 vermoor. In **Oesbekistan** weer ervaar die Kerk druk van h regering wat baie agterdogtig is vir enigiemand en enigiets as gevolg van sy vrees om mag oor die land te verloor. Hier kan gelowiges boetes ontvang indien hulle eenvoudig net h Christelike lied op hul foon afgelaai het.

Alhoewel **Azerbeidjan** veronderstel is om h sekulêre land met godsdiensvryheid te wees, word Christene dikwels dopgehou en weet hul nie wié om te vertrou nie. In **Turkmenistan**, word godsdiens as verdag en met wantroue gesien en die Kerk word swaar gereguleer. Om van Islam na Christenskap te bekeer kan lei tot gewelddadige vervolging. In **Kazakstan**, word daar geglo dat "om Kazak te wees, is om Moslem te wees". Hier word geen godsdiensaktiwiteite buite staatsbeheerde instellings toegelaat nie. Sommige bekeerlinge word deur hulle families toegesluit, geslaan



en uit hulle gemeenskappe weggejaag. In **Tadzikistan** voer regeringsamptenare klopjagte uit op kerkbyeenkomste, Christene word aangehou en godsdienstige materiaal byvoorbeeld boeke word gekonfiskeer.

Christene in **Kirgistan** ervaar meer vryheid as die in ander Sentraal-Asiese lande. Maar een van die groot probleme vir Christene in Kirgistan en die ander Sentraal-Asiese lande is die feit dat daar min samewerking tussen die verskeie denominasies is. Hierdie speel reg in die hande van die regering, want h verdeelde Kerk sal altyd swak wees.

Bid asseblief:

- Vir eenheid in die Liggaam van Christus in die verskeie Sentraal-Asiese lande en vir krag en volgehoue groei.
- Vir Christene in die werksplek wie benadeel word en dikwels oorgesien word vanweë hulle geloof.
- Vir krag vir Christene wie alles waag om in die geheim bymekaar te kom.
- Vir meer godsdienstvryheid en vir Christene om voort te gaan om dapper te wees om die Evangelie te deel.

Die storie van Eldos van Kirgistan

Eldos Satar Uлуу van Kirgistan is h jong Gelowige vanuit h Moslemagtergrond. Hy is verlede jaar verskriklik geslaan deur drie radikale Moslemmans, in h poging om hom te forseer om terug te keer tot Islam. Hy het baie beserings opgedoen, insluitende harsingskudding en moes h paar operasies ondergaan.

Ons is dankbaar om te weet dat dit beter met hom gaan. Maar hy is emosioneel gebreek en gefrustreerd. Sy familie is deur die aanvallers se familieleden gedreig om te keer dat hulle polisie toe gaan en klagtes lê. Ongelukkig het die polisie ook probeer om die situasie te ignoreer.

Wat die spanning van die situasie vererger is dat Eldos se oudste sussie, Nurzhan, gesien het

(vervolg op bladsy 5)



(vervolg van bladsy 4)

hoe haar broer aangeval is. Sy was ses maande swanger maar, vanweë die skok van wat met Eldos gebeur het, het sy ongelukkig die baba verloor.

Die hartseer is dat wanneer sulke insidente gebeur kan Christene nie eers op die polisie staatmaak nie, namate hulle geneig is om die aanvallers se kant te vat. Dit was die geval met Eldos, waar die aanvallers nie eers gearresteer is nie omdat die polisie gesê het hulle besig is om die saak te ondersoek. Selfs toe die regter beveel het dat die aanvallers onder huisarres geplaas word, het dit gelyk of die polisie dit nie afdwing het nie want die aanvallers was toegelaat om vrylik rond te loop.

Dinge het nie makliker geword vir Eldos nie en gelukkig kon hy na h land trek waar hy nou veilig is. Maar Eldos en sy familie benodig steeds baie gebed namate hy nog h lang pad tot herstel het, beide fisies en geestelik. En sy familie, insluitend sy suster, het nog h lang pad vorentoe om van die trauma te genees van Eldos se aanranding en sy suster wat haar baba verloor het.

Bid:

- Vir die volgehoue beskerming van Eldos en sy familie in die nuwe land en dat hy goed sal aanpas.
- Vir geneesing vir Eldos en sy familie na die verlies van sy sussie se baba.

**Help Gelowiges
van Sentraal-
Asië om in hulle
land te bly**

Jou gebede en ondersteuning help Geopende Deure om dringende hulp aan gelowiges van Sentraal-Asië te bied wanneer, hulle vir hul geloof in Jesus in die tronk gegooi word, uitgesluit word van hul families en gemeenskappe en van h inkomste of werk ontnem word.





Van hierdie Christene staar gevaar in die gesig wanneer hulle geloof ontdek word of wanneer hulle as Moslems, Christene word. En hulle het elke rede om te vlug. Hulle word deur familieledede gedreig, uit hulle huise gesit, afgedank by hul werk, deur hulle families verwerp of erger. Maar wanneer hulle, hul land verlaat vanweë vervolging, word een van die min ligte vir Jesus in hulle land uitgedoof.

Een so gelowige is Batima wie bewusteloos geslaan is deur haar broers en suster nadat sy 'n Christen geword het. Haar pa het gesê, "Jy verdien dit. Vergeet van jou Christelike geloof of jy sal nie meer my dogter wees nie." Sy het vir twee maande by h Geopende Deure huis van veiligheid geskuil om te herstel en oor haar toekoms te bid.

Batima het besluit om in haar land in Sentraal-Asië te bly as h getuie vir Jesus... selfs al is sy deur haar hele familie onturf.

Vandag kan jou geskenk, nood-behuising voorsien sodat gelowiges in hulle land kan bly. Jy kan jou donasie in een van ons bankrekening deponeer (details onder).

Gebruik as jou verwysing: EUG1906.
Epos asseblief jou bewys van betaling na youthsa@od.org.

Bankrekening:

Geopende Deure, ABSA, Northcliff (632005),
Rekeningnommer: 160340568
of

Geopende Deure, Nedbank Besigheidsrekening
(198765), Rekeningnommer: 113 750 4552

Hou asseblief aan om te bid vir Christene in Sentraal-Asië – dat God hulle sal toerus en hulle magtig sal gebruik om h lig vir Hom in die streek te wees.

*Sou ons genoeg geld insamel vir hierdie projek, sal ons jou geskenk gebruik waar die nood die grootste is.



Verteenwoordigende foto gebruik.

Bemoedig die volgende generasie Christene



SENTRAAL-ASIË

**Stuur jou tekeninge
teen 31 Desember
2019**

Christenkinders staar unieke uitdagings in die gesig omdat hulle in Jesus glo.

Hoe sou jy gevoel het as...

- Jy deur die wet of deur jou ouers verbied word om h kerk- of jeugbyeenkoms by te woon.
- Jy nie toegelaat word om h Christelike kinderboek of Bybel te hê nie.
- Polisie toeslaan op jou ouers se geheime huiskerk byeenkoms en hulle arresteer, en jy dan op jou eie is.
- Jy die enigste Christen in jou skool is. Tydens pouse speel die ander kinders nie met jou nie en soms kom jy by die huis met jou klere geskeur omdat hulle jou geboelie het.

Nou dink net wat kan gebeur as jy sulke kinders kan help en bemoedig om sterk te staan in hulle geloof.

Bemoedig hierdie kinders en stuur vir hulle h tekening om hulle te herinner dat hulle nie alleen is nie en dat ander Christenfamilies vir hulle bid. Bid asseblief dat God hierdie kinders sal help om in hul geloof te groei ten spyte van alles wat hulle verduur.

Pos jou tekeninge aan:

OF

Epos jou tekeninge aan:

**Briefskrywery: Sentraal-Asië
Geopende Deure, Posbus
1771, Cresta, 2118**

letterwriting@opendoors.org.za



Geopende Deure

Diens aan vervolgde Christene wêreldwyd